


# Ekonomiese en weerstoestande dra by tot hoë volatiliteit in internasionale oliesade-pryse

– 15 Mei 2013

DIRK STRYDOM, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

Die internasionale pryse beleef 'n baie hoë volatiliteit. Dit is weens die feit dat die Suid-Amerikaanse lande groot oeste het, wat stadig na die res van die wêreld versprei, terwyl die wêreld baie lae voorrade het.

Die grootste bydraende faktor is die feit dat Amerika sukkel met aanplantings. Dit beteken dat daar 'n konstante wisseling tussen mielie- en sojaboonaanplantings is. In terme van die ekonomiese toestande, is daar ook baie volatiliteit in die wisselkoerse wat pryse drasties beïnvloed.

## Amerikaanse omstandighede

Volgens die nuutste syfers van die Amerikaanse Departement van Landbou se wêreld vraag en aanbod, het die mark sterk geneig na 'n beerfase vir meeste van die kommoditeite (mielies, soja's en koring).

In die verslag is die vraag van mielies opwaarts aangepas met 8% op 'n jaar-tot-jaar-basis. Tesame daarmee, is die verwagte produksie van Amerika en ander lande met 31% en 4% onderskeidelik opwaarts aangepas (**Tabel 1** en **Tabel 2**).

Die verwagting was ook dat die wêreld eindvoorraad met 23% sal styg in 2013/2014, wat 'n 13-jaar-hoogtepunt sal wees. Dié verwagting wat lei tot beerfaktore, gaan dus heel moontlik aangepas word in die volgende verslag weens ongunstige weersomstandighede.

Teen 12 Mei vanjaar was daar net 28% van Amerika se mielies geplant teenoor die vyf jaar gemiddeld van 65%. Dit was weens nat, koue, vogtige toestande wat produsente verhoed om te plant.

Baie verhandelaars is van mening dat dit vinnig weer reggestel kan word en dat meeste van die produsente binne 72 uur al hul lande kan plant en dan is daar nog kort groeier kultivars ook beskikbaar (sien **Foto 1**). Die feit van die saak is dat die opbrengste gaan verlaag soos die plantdatums verleng word. Die produsente moet ook voor Junie plant, anders verloor hul baie voordele in terme van oesversekering. Die vraag is dus: Hoe kan die vertraging in die plant van mielies die sojaboonaanplantings beïnvloed?

In die wêreld vraag en aanbod-verslag was die aanduidings in terme van sojabone ook baie sterk vir 'n beerfase. Amerikaanse eindvoorraad was op 265 miljoen ton, 30 miljoen ton hoër as die markverwagting. Die verwagting was ook dat Amerika 'n rekordoes van 3 390 miljoen skepels in die 2013/2014-produksieseisoen gaan produseer. Die wêreldeindvoorraad vir sojabone in die verslag was ook 20% hoër as die vorige seisoen.

Weens die feit dat die produsente sukkel om mielies te plant, kan hul oorbeweeg na sojabone. Meimaand is die optimale planttyd vir sojabone, maar dit kan nog tot einde Junie in Amerika geplant word. Die verskuiwing kan veroorsaak dat die reeds hoë voorrade nog hoër styg, mits die weer vir sojabone gunstig is. Sojaboonaanplantings word deur die weer verhoed – teen 12 Mei vanjaar was daar nog net 6% geplant teenoor die vyf jaar gemiddeld van 24%.

As die weer gunstig draai, kan van die sojaboonaanplantings verloor word teenoor mielies. Dit beteken dat dit 'n impak kan hê op die omvang van die beerfase. Sodra die weer ongunstig bly vir mielies, maar gunstig raak vir sojabone, kan die beerfase baie sterker raak. Dit sal baie belangrik wees om die weersomstandighede van Suid-Amerika dop te hou tot einde Junie.

Teen einde Junie/begin Julie behoort mens 'n redelike goeie idee te hê van die aanplantings en hoe dit kan bydra tot die aanbod.

## Internasionale vraag en aanbod

Suid-Amerikaanse uitvoere is besig om momentum te herwin, maar in die eerste week van Mei was daar steeds vertragings by van die hawens. Buitelandse verhandelaars verwag dat die vier groot Suid-Amerikaanse lande 'n totale uitvoersyfer van 10,8 miljoen ton kan hê, gegewe die 10 miljoen ton die vorige maand en 9,6 miljoen ton die vorige jaar.

Volgens Kanadese statistiek was die einde van Maart 2013 se totale kanola-voorraad op 'n agt jaar laagtepunt van 3,9 miljoen ton. Weens die tekorte het die Kanadese perse reeds die verwerking van kanola afgeskaal tot 115 000 ton (1 Mei 2012) en die verwagting is dat dit tot 'n drie jaar laagtepunt kan daal vir die periode April/Julie 2013



Foto 1: Ben Chaffin van die VSA besig om mielies te plant met 'n 48 ry-planter.

**TABEL 1: USDA: VSA VRAAG EN AANBOD-SYFERS (MILJOEN SKEPEL).**

| 2013/2014-produksie | Mei 2013 | April 2013 | 2012/2013 |
|---|---|---|---|
| Mielies | 14 140 | | 10 780 |
| Sojabone | 3 390 | | 3 015 |
| **2012/2013-voorraad** | | | |
| Mielies | 759 | 757 | |
| Sojabone | 125 | 125 | |
| **2013/2014-voorraad** | | | |
| Mielies | 2 004 | | |
| Sojabone | 265 | | |

Bron: USDA

**TABEL 2: USDA: WÊRELD VRAAG EN AANBOD-SYFERS (MILJOEN TON).**

| 2012/2013-produksie | Mei 2013 | April 2013 | 2012/2013 |
|---|---|---|---|
| Mielies | 857,10 | 855,90 | 883,00 |
| Sojabone | 269,10 | 269,60 | 239,50 |
| **2013/2014-produksie** | | | |
| Mielies | 965,60 | | |
| Sojabone | 285,50 | | |
| **2012/2013-eindvoorraad** | | | |
| Mielies | 125,40 | | |
| Sojabone | 62,50 | | |
| **2013/2014-eindvoorraad** | | | |
| Mielies | 154,60 | | |
| Sojabone | 75,00 | | |

Bron: USDA

**TABEL 3: PRYSDRYWERS.**

| Drywers | Prysrigting |
|---|---|
| Swak Amerikaanse mielie-oes | Afwaarts |
| Goeie uitvoere van Suid-Amerikaanse sojabone | Afwaarts |
| Laer perssyfers in die wêreld | Afwaarts |
| Verswakte rand | Opwaarts |
| Laer as verwagte Suid-Afrikaanse oes | Opwaarts |

(2,09 miljoen ton). Die verwagting is ook dat uitvoere met 0,56 miljoen ton kan daal vir dieselfde periode.

Wêreld-sonneblomvoorrade bly knap; die verwagte eindvoorraad vir sonneblom is 0,9 miljoen ton teenoor die vorige seisoen se 1,6 miljoen ton. Nuwe seisoen produksievooruitsigte in die Noordelike Halfrond lyk egter belowend en daar word verwag dat indien weerstoestande gunstig bly, die wêreldproduksie van sonneblom met twee tot drie miljoen ton in 2013/2014 kan styg.

Die Oekraïne het meer sonneblom dié seisoen geplant en staan tans op 3,7 miljoen hektaar. Dié hektare sal eers in September gestoor word, wat beteken dat pryse moontlik vanaf September kan begin daal soos wêreldvoorraad beskikbaar word.

## Plaaslike vraag en aanbod

In die finale winteroesskattingsverslag, is kanola op 44 100 ha met 'n produksie van 79 000 ton – dit is 0,87% laer as die vorige skatting. Volgens SAGIS se syfers vir einde Maart vanjaar, was daar reeds 68 543 ton sojabone gelewer. Dit gee 'n uitstaande hoeveelheid van 752 457 ton. Die stroop van sojabone was bietjie laat weens laat reën, maar teen die einde van Mei behoort die meeste van die sojabone gestoor te wees.

Die pryse gaan in die komende maande baie afhanklik wees van die internasionale pryse. Dus gaan dit kritiek belangrik wees om die wisselkoers en internasionale weersomstandighede dop te hou.

Met die onlangse onrustigheid rondom landbou-arbeid asook die platinummyne, kan die wisselkoers verswak, wat pryse kan ondersteun. **Tabel 3** is 'n lys van faktore wat 'n rol kan speel en die moontlike effek wat dit op pryse kan hê. 'n Gegewe is wel dat pryse baie volatiel gaan wees en dat dit nie 'n tydperk is om risiko's te neem nie. ■

**Hierdie Oliesade-oorsig word moontlik gemaak deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.**